

# Inhoudsopgawe

Erkennings .....	7
Voorwoord deur Stephan Joubert .....	9
Inleiding .....	11
~ Andries Enslin en Tom Smith	
1. Die oorsprong van die ritmes .....	15
~ Andries Enslin	
2. Oefen kaal .....	36
~ Tom Smith	
3. God is liefdevol – detoks jou prentjie van God .....	52
~ Andries Enslin	
4. God is beskikbaar .....	64
~ Tom Smith	
5. God is die weg – groei in Jesus se karakter .....	79
~ Andries Enslin	

6. God is Koning .....	94
~ Andries Enslin	
7. God is drie-enig – gemeenskap as die dans van God .....	105
~ Tom Smith	
8. God is lief vir die hele wêreld .....	119
~ Tom Smith	
9. God is kreatief .....	133
~ Andries Enslin	
10. Lewe met ritme vir die res van jou lewe .....	146
~ Tom Smith	
Eindnote .....	153
Meer oor Rhythm of Life .....	155



# Die oorsprong van die ritmes

**D**ie oorsprong van die ritmes wat ons in hierdie boek beskryf, is 'n drieledige storie: kerkgeskiedenis, Andries se storie met LewenSentrum en Tom se werk met Kleipot, ander gemeentes en die organisasie Rhythm of Life.<sup>1</sup>

## Kerkgeskiedenis

In Matteus 16 het Jesus belowe dat Hy sy kerk sal bou. Daarom kan ons deur die kerk se geskiedenis iets sien van God se groot werk en plan met die ritmes in ons lewe. Dit beteken dat ons iets kan leer uit die ryke storie van die kerk oor al die eeue heen. As deel van die ontwikkelings van die ritmes het ons na die verskillende strome in die kerkgeskiedenis gaan kyk.

Richard Foster beskryf hierdie strome in sy boek *Streams of Living Water: Celebrating the Great Traditions of Christian Faith*. In die boek verduidelik hy hoe elkeen van hierdie strome deur God gebruik is om die kerk te versterk. Hy meen dat die meeste denominasies en kerke in net een of twee van hierdie strome beweeg. Die uitnodiging is om ook in die ander strome te beweeg

en te leer by God se diverse handelingte met die kerk. Die ses strome wat hy beskryf, is die strome van gebed (kontemplasie), heiligheid, charismaties, evangelisasie, sosiale geregtigheid en die sakramentele stroom. In meer wetenskaplike navorsing van die kerkgeskiedenis het ons baie soortgelyke strome ontdek. In *A Brief History of Spirituality* deur Philip Sheldrake beskryf hy die ses fondasies wat die kerk beïnvloed het. Ander skrywers het ook gepraat van strome, fondasies, invloede en bewegings in die kerkgeskiedenis.

Ons het al hierdie werke bymekaargegooi en dit so eenvoudig moontlik probeer hou. Dit was ook vir ons belangrik om dit in ons Suid-Afrikaanse konteks te beskryf. Ons het gesê 'n beweging kwalifiseer slegs as 'n stroom as dit deur alle grense gebreek het. Met ander woorde, grense van denominasie, kultuur, kleur, landsgrense, en dies meer. Toe ons die strome ondersoek het, het ons 'n karaktertrek van God ontdek wat bekend staan as 'n fondasiewaarheid.

Die fondasies is kernwaarhede oor God se karakter wat nie onderhandelbaar is nie. Gedurende die afgelope 2 000 jaar het God Hom deur dié bewegings en strome aan die kerk en wêreld geopenbaar. Ons leef in 'n era waar ons na die hele geskiedenis kan kyk deur die druk van 'n knoppie en as 'n buitestander vir onself die vraag vra: "Watter karaktereenskappe van God demonstreer Hy vir ons in dié era en beweging?"

Dit was baie vervullend en lewensveranderend om te sien hoe God Hom meer en meer aan die mens openbaar, en om te ervaar hoe Hy dit persoonlik met ons doen deur die ritmes was besonders en genadig.

Daar was baie meer as sewe bewegings en strome gedurende die afgelope 2 000 jaar wat die kerkwêreld beleef en beïnvloed het. Ons het egter net 'n opsomming gemaak ter wille van die sewe ritmes waarmee ons besig was. Strome soos martelaarskap en vrywillige armoede het vir die eerste 300 jaar die kerk se kern van geestelikheid gevorm. Strome en bewegings

van askese, woestynvaders, kontemplasie, dissiplines van studie en stilte is nog steeds besig om die kerk te beïnvloed. Die evangelisasiebeweging waar duisende der duisende mense in tente, sale of enige groot genoeg plek vir samekoms bymekaar-gekom het om die evangelie te hoor en te sien, is nog vars in ons geheue.

Duisende lewens is geraak en word nog steeds geraak deur die Hervorming van Martin Luther. Die Woord vir elke mens, geloof en 'n persoonlike verhouding met Jesus het die kerk vir ewig verander. Die heiligheidsbeweging beïnvloed vandag nog boeke en preke, ongeag kerkdenominasie. Die Charismatiese beweging is te sien op amper elke TV-kanaal, en met al die kritiek sou 'n mens dink dit sal uitsterf, maar die mens se hunkering en soeke na die bonatuurlike werking van die Gees van God is duidelik sigbaar. Een van die laaste groot bewegings was die kleingroepbeweging, wat duisende Westerse kerke se groeimodel geword het en vandag 'n groot fokus van kerkgroeimodelle is.

Soos reeds genoem, het elkeen van hierdie bewegings een of meer van God se karaktereienskappe beklemtoon. Vat byvoorbeeld die Pinkster- en Charismatiese beweging, die nuwe klem op die Heilige Gees en dat elke gelowige 'n geestelike gawe ontvang het waarmee hy die kerk en wêreld kan dien. Hierdie siening konfronteer elke persoon met sy eie lewe en siening oor die Gees van God en sy of haar eie gawes.

### **LewenSentrum se storie**

Kerkgroei stories is altyd mooi maar moeilik om te deel. Hoe vertel jy 'n storie van seën en guns wanneer jy weet van al die duisende foute en gebreke? Die verskil tussen 'n resep wat werk, maar eintlik net genade is; God wat groei bring saam met mense wat hard werk en baie onsekere besluite moes neem. Ek hou van kerkgroei stories; van mense se stories van hulle by-

drae en hoe hulle aan God al die eer gee.

LewenSentrum het só 'n storie, 'n storie van 'n almagtige God wat gewone sondige maar tog opregte mense gebruik het om 'n land aan te raak. Die gemeente het in 1999 begin met 14 mense in 'n huissel. Ons droom was om kerklose mense terug te bring in 'n verhouding met God en hul medemens. Ons het gereageer op 'n opdrag van God om Hom en mense liewer te hê. Hierdie 14 mens-huissel het so gegroei dat ons 14 jaar later 3 gemeentes, duisende lidmate en 'n landswye TV-bediening met honderde duisende kykers het.

Baie mense wil weet wat ons geheim is, die suksesstorie; wat doen ons anders? Vir ons is die antwoord eenvoudig: Ons weet nie! Ja, daar is baie dinge waarop 'n mens kan roem en baie beginsels van sukses waaroor 'n mens kan skryf en praat, maar vir dié in die binnekring bly die antwoord GENADE. Sondige, gebroke mense elkeen met hul eie innerlike stryd en soeke beleef 'n uitstorting van guns, liefde en groei. Ons almal weet dit is nie omdat ons dit verdien nie, maar alleen uit genade.

Voor ons die gemeente begin het, het ek John Ortberg se boek *The Life You've Always Wanted* ge lees. In die boek bespreek hy die beginsel van die grootste en belangrikste gebod. Markus 12:29-31 sê:

Jesus antwoord hom: "Die eerste is: 'Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.' Die tweede is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' Geen ander gebod is groter as dié twee nie."

Hierdie Skrifgedeelte en John Ortberg se beginsels het my baie geraak. Hoe meer ek daaroor gedink en gepraat het, hoe meer het ek tot die besef gekom dat dit eendag die ideale visie en missie vir 'n kerk sal wees. Net een opdrag: Jesus se opdrag. Bly besig met dit wat Jesus self sê die belangrikste is. Die uit-

nodiging was om God en mens lief te hê. Die gedagte het by my gebly en die besef dat as Jesus dit die belangrikste opdrag noem, moet dit ook my belangrikste opdrag wees; dat dit ook eendag die kern van die oordeel voor die groot wit troon gaan wees: Hoe lief was jy vir God en hoe lief was jy vir mense? Dink aan Matteus 25, die oordeel van die bokke en die skape – alles gaan oor opregte liefde vir God en mens.

Nou, baie jare later, baie boeke en preke later, besef ek die waarheid van daardie woorde. Liefde vir God en mens is die kern van alles wat ons doen en glo. Dit is die kern van die boodskap wat ons verkondig en probeer leef.

Gedurende hierdie tyd wat ek so met die Skrif gewerk het, het die behoefte by my ontstaan om liefde meer prakties en tasbaar te maak. Liefde is so 'n wye begrip en mense gebruik die woord so vrylik dat ek 'n definisie wou gee vir hierdie "liefde" vir God en mens. Die woorde van Jesus het omtrent uit die bladsy gesprong: HART, VERSTAND, SIEL en KRAG. Dit is meetbare waardes en beginsels van liefde. Om lief te hê met jou hele hart, hele verstand, hele siel en al jou krag het vir Jesus betekenis gehad. Waarna kon Hy verwys, wat wou Hy vir sy hoorders sê? Ek glo Jesus wou ons help met die begrip "liefde"; met wat dit beteken om lief te hê.

In April 1999 sit ek in my kantoor in Randburg en skryf die volgende:

Om God lief te hê met jou hele hart beteken: Bekering, wedergeboorte, sensitief vir die Heilige Gees, hoor God se liefdesuitnodiging in jou hart en sê JA.

Om God lief te hê met jou hele verstand beteken: Verhouding met Hom, ken Hom, bring tyd saam met Hom deur, verander in jou denke na sy wil vir jou lewe, aanbid Hom, leer Hom ken, beleef Hom.

Om God lief te hê met jou hele siel beteken: Karakter, innerlike ek, gewoontes, geaardheid, persoonlikheid, heiligheid, ver-

andering in die innerlike mens. Omdat Hy my liefhet en ek Hom terugliefhet, wil ek heilig lewe.

Om God lief te hê met al my krag beteken: My liggaam, my geld, my tyd, my gawes, my huis, my kar, my alles. Alles wat fisies en uiterlik is, maar ook my gawes en talente en vermoëns wat innerlik is, is net aan my geleen en ek moet dit reg bestuur.

Ek sal nooit daardie dag vergeet nie. Dit was een van daardie Goddelike ontmoetingsoomblikke – dit voel of dit met iemand anders gebeur en jy is net 'n toeskouer; tog weet jy dit is jy en God, en sy Gees lei jou om te dink en te skryf. Ek en my gedagtes was aan die beweeg, daar was 'n vloeï van gedagtes, woorde, kreatiwiteit en ek weet dit was Gees-geïnspireerd. Die res van die vers was net so duidelik.

“Om jou naaste lief te hê.” Ek het twee groepe naaste. Die eerste is mense soos ek, hulle glo soos ek, bid soos ek, voel soos ek – my medegelowige naaste. Hoe lyk my liefde teenoor die mense in die gemeente saam met my? Oor hierdie vraag kan enige predikant enige dag 'n boek vol skryf. Van intense liefde en opoffering tot kwaad, moeg en wegvlug van gemeentede. Maar die beginsel van liefde onder mekaar staan vas.

Die tweede groep is die mense wat anders is as ek. Hulle sien God dalk nie soos ek nie en beleef nie wat ek beleef nie. Hierdie mense is nie deel van my mense nie. Party van hierdie mense het nog nie Jesusvolgeling geword nie. Daar is baie name en beskrywings vir hierdie groep. So 15 jaar gelede was “soekers” 'n gewilde woord, en “sondaars” 'n baie ongewilde woord. Party mense gebruik ook die woorde “onkundiges”, “onbetrokkes” of “ongelowiges”. Maak nie saak watter woord jy kies en wat vir jou aanvaarbaar is nie, die liefde van God is vir almal. Hierdie is die aktiwiteit wat val onder een van my gunsteling ou woordjies “evangelisasie”. Dan is daar ook mense wat anders as ek is in terme van ras, klas of opvoeding. God se liefde is ook vir hulle.



Om jou naaste lief te hê soos jouself was vir my 'n raaisel. Ek het gewonder wat gesonde selfliefde is en wat narsissisties is. Beteken dit ek moet myself beskerm en selfsugtig lewe? Dit sou my nog 'n paar jaar neem om regtig gesonde selfliefde te verstaan, in so 'n mate dat ek iets vir ander daarvoor sou kon sê.

Min het ek geweet dat hierdie tyd in my kantoor en die woorde wat ek ontvang het so 'n groot impak in lewens oor die hele Suid-Afrika sou hê. Hierdie woorde en gedagtes het by my opgekom en ek het hulle uitgeskryf nog voor ek 'n gemeente gehad het om te lei. Die visie en beginsels het my so beweeg, maar ek het nie geweet vir wie of vir wat ek dit ontvang het nie. Dit was eers 'n maand of twee later dat ek by die selgroep in Alberton beland het. By ons eerste geleentheid het ek gepraat oor Jesus se grootste opdrag. By die tweede ontmoeting het ek gepraat oor wat jou hart is, toe jou verstand en toe jou siel. Ná 'n maand van saamkuier en gesels oor Jesus se groot opdrag het die gedagtes ontstaan om 'n gemeente met hierdie visie te begin. Daar is gebid en vergader met vorige gemeentes en nog meer gebid, en in Oktober 1999 begin ons LewenSentrum met die missie: Om God en mens lief te hê.

### **Ontstaan van die sewe waardes**

Vroeg in 2000 moes ons 'n lidmaatskapklas aanbied vir al die nuwe lidmate by LewenSentrum. In die kursus moes ek ons visie, missie, oorsprong, geloofsbelydenis en teologie verduidelik. Een van die groot punte is natuurlik visie: Wat wil ons bereik, wat moet ons vir Jesus doen? Hierdie was redelik maklike vrae vir my. Ek het geweet ons bestaan om God en mens lief te hê. Só het ek net met die groot opdrag van Jesus gewerk en dit aan myself en ander geleer.

Die moeilike vraag was egter: Hoe? Hoe gaan ons dit bereik? Hoe gaan ons God lief te hê, en hoe gaan ons ons naaste lief te hê? Ek het die papiere van 'n jaar tevore weer uitgehaal en ek

het na die preke van die afgelope ses maande in die nuwe gemeente gekyk. Die antwoord was duidelik voor my. Ons gaan liefhê met ons hele hart, verstand, siel en krag en ons naaste soos onself. Ons gaan ons visie en missie bereik deur hierdie sewe beginsels te leer, te leef, te eksperimenteer, te oefen, te doen en stories opbou van hoe dit in die praktyk werk.

Dit was die ontstaan van ons sewe waardes en vir 13 jaar het ons net dit probeer leer en doen.

**Hele hart** – wedergeboorte. Elke persoon moet die liefde van God ervaar en sy of haar hele lewe aan God oorgee en kind van God word.

**Hele verstand** – stiltetyd. Elke persoon moet groei in sy of haar verhouding met God deur kwaliteit-stiltetyd saam met God.

**Hele siel** – karakterverandering. Elke persoon moet innerlik groei om meer soos Jesus te word.

**Hele krag** – goeie bestuurder. Elke persoon moet besef hy is slegs 'n bestuurder van God se hulpbronne en gawes in sy lewe.

**Naaste** – kleingroepe. Elke gelowige moet sy lewe met iemand deel en in 'n aanspreeklikheidsverhouding met iemand staan.

**Naaste** – evangelisasie. Elke lidmaat moet 'n verhouding hê met 'n ongelowige met die doel om hulle aan God se liefde voor te stel.

**Selfliefde** – gebalanseerde, uitmuntende lewe. Elke persoon se lewe bestaan uit 'n paar dimensies, en selfliefde praat van 'n gebalanseerde lewe in al jou dimensies.

## Lidmaatskap by LewenSentrum

Nadat ons die sewe waardes as die strategie vir ons visie ontvang het, het ons geweet dit gaan meer tyd neem as net 'n Saterdag of een kursus om mense te vertel wat hierdie belangrike waardes behels. Ons het vir elke waarde vier Bybelstudie-lesse uitgewerk en hierdie waardes-kursus deel van lidmaatskap gemaak.

Daar was so 'n bietjie ongelukkigheid in die begin by mense oor die lang proses van lidmaatskap (sewe weke), maar die ongelukkigheid het gou verbygegaan (ek dink veral wanneer mense die kursus begin doen en die waarde daarvan besef het). Ons het op 'n Saterdag die lidmaatskapmateriaal behandel en dan ook waarde 1 saam met die mense gedoen: Die belangrikheid van wedergeboorte en dat jy slegs deel van God se kerk kan word indien jy kind van God is. Die feit dat slegs jou verhouding as kind van God jou kan red en nie lidmaatskap by 'n kerk nie, is sterk beklemtoon.

Die nuwe lidmaat het dan waarde 2 tot 7 by die huis voltooi, maar een aand 'n week vir 'n uur na die kerkgebou toe gekom om saam deur die antwoorde te werk en seker te maak die waarde word reg verstaan. Gedurende die eerste paar jaar van LewenSentrum is mense ná die Saterdag voorgestel as nuwe lidmate. In die begin van die gemeente was dit nie 'n probleem nie; persone wou die verandering maak en het die kursus voltooi. Met verloop van tyd het LewenSentrum 'n "mooi" kerk geword en wou baie mense net deel word van die naam, maar nie van die leefwyse nie. Die effek hiervan was dat sekere lidmate net nooit die waardes beoefen het nie.

Ons het gevind dat slegs 30% van die mense ná die Saterdag terugkeer vir die waarde-kursus. Ons het agtergekom dat ons met baie getalle sit, maar nie met totaal toegewyde volgelinge van Jesus nie. Die *commitment*-vlak van die gemeente was laag en ons was baie moedeloos.

Ons het die voorwaardes van lidmaatskap weer aangepas en persone is eers ná waarde 7 voorgestel in die gemeente. Die effek van hierdie besluit was onbeskryflik. In alle fasette van die gemeente was daar binne 'n jaar groot verandering. Alles het verander: van diensbywoning, kleingroeplewe, finansies, evangelisasie tot bediening. Nadat mense vir sewe weke die waardes begin leef en ervaar het, het dit weer 'n leefstyl geword, en met die bemoediging van Sondag se dienste kon mense weer leef soos Jesus dit wou hê.

Ek dink nie ons het dadelik besef wat gaan gebeur wanneer mense hierdie waardes beleef en ervaar nie. Die omskakeling wat dit in die gemeente veroorsaak het, was groot. Die nuwe verdieping en toewyding van lidmate het dinge soos die TV-bediening moontlik gemaak. Ons kon skielik projekte aanpak, want die gemeente is gevul met totaal volkome volgelingen van Jesus. Later sou ons besef dit is as gevolg van die sewe waardes wat gehelp het met die transformasie van ons gemeente.

## Selfliefde

Die pad wat ek moes stap om iets oor gesonde selfliefde te leer, was en is nog steeds 'n seer pad. Die woorde van Paulus dat sy lewe soos 'n drankoffer uitgegiet word (Fil. 2:17), bly by my en my roeping. Ek glo met alles in my dat jy met jou lewe 'n verskil moet maak en dat jy jou hele lewe moet gee vir die koninkryk van God. Ek het van die eerste dag af so gelewe en gewerk. God, sy koninkryk en sy kerk kom eerste, maar indien jy dit verkeerd verstaan, kan en gaan jy uitbrand en niks oorhê om mee te dien nie.

Nog woorde van Paulus in Handeling 20:24 het my gehelp met voluit werk maar tog nie uitbrand nie. "Al is my lewe kosbaar, ag ek dit van geen waarde as ek nie my lewenstaak en my bediening wat ek van die Here Jesus gekry het, kan klaarmaak nie. Om die Goeie Nuus te verkondig dat God mense liefhet

sonder dat hulle iets hoef te doen om dit te verdien" (*Nuwe Lewende Vertaling*). Hierin sien ek Paulus se selfliefde van sy lewe is vir hom kosbaar, so kosbaar dat hy ten alle koste sy roeping en doel moet uitleef.

Jesus het verstaan dat jy jou naaste net kan liefhê indien jy jouself liefhet. Jy moet iets hê om vir jou naaste te gee. Jy moet liefde, tyd, kennis, emosionele krag, geld, en dies meer hê om iemand anders daarmee lief te hê.

Ons nuwe gemeente was so nege maande oud toe ek een nag 'n angsaanval kry. Dit het gevoel of ek doodgaan as gevolg van al die spanning en werk.

Ek het gebid en gepleit vir genade en wysheid, en deur die nag geworstel met net een antwoord: Ek moet met iemand gaan praat wat al hierdeur is. Ek het met 'n goeie vriend en medepredikant van 'n groot gemeente gaan praat. Sy woorde was eenvoudig maar skokkend. "Wanneer laas het jy gelag, gespeel, gefliek, gevry (ek was nog ongetroud), die lewe op 'n skoon manier geniet tussen vriende?" My antwoord op al die vrae was dieselfde: "Ek werk vir die Here, daar is nie tyd nie." Hy het ook verdere studie voorgestel in die vakgebied selfleierskap. Ek kan nie 'n gemeente lei as ek nie eers myself kan lei nie, was sy raad aan my. In Bybelse taal, ek kan nie ander liefhê en dien as ek nie myself liefhet nie.

Ek het toe 'n student geword vir die res van my lewe, ek het begin lees oor selfleierskap en daarna oor elke moontlike dimensie van menswees. Ek het vir myself sewe dimensies geïdentifiseer waaruit elke mens se lewe bestaan, en na die Bybel gaan kyk oor God se raad en wysheid oor elke dimensie. Met genade en dissipline het ek elke dimensie onder God se beginsels begin plaas en daarvolgens begin leef.

Dit is nou 13 jaar later, die kerk is duisend maal groter, ek preek honderd maal meer en het tonne meer werk en verantwoordelikhede, maar ek is gesonder en gelukkiger as ooit. Ek probeer om gebalanseerd te lewe in my gesin, my plesier, my

werk, my passie en in al my dimensies. Ek het myself lief omdat Christus my liefhet; ek gun myself 'n lewe, want Christus verwag dit van my. Vanuit my verhouding met Hom groei 'n gesonde selfliefde.

Gedurende die afgelope 13 jaar was daar 'n groeiende kennis oor hierdie gesonde selfliefde as kind van God wat homself in liefde aan die koninkryk kan gee en gee en gee.

### **Verandering van waardes na ritmes**

Vroeg in 2012 het ek en Tom bymekaargekom vir koffie. Daar was geen spesifieke gesprek of beplanning nie, net 'n nuwe jaar en opvang met 'n ou vriend. In die gesprek het ek die behoefte genoem om in my persoonlike stiltetyd te verdiep en te groei. Tom het 'n weeklikse ontmoeting rondom die dissiplines van die kerkvaders voorgestel sodat ek kon onderskei wat vir my kan werk. In die daaropvolgende weke het ons oor baie dinge gepraat, soos Tom se ondervinding in geestelike transformasie en die invloed van Renovaré en Apprentice op sy lewe, sy eie storie in hulle gemeente en sy werk met Rhythm of Life.

Een van die stories was oor die beweging van een van sy vriende, James Bryan Smith, wat die Apprentice-beweging begin het en die boek *The Good and Beautiful God* geskryf het.<sup>2</sup> Hierdie beweging kom uit Renovaré en Dallas Willard se werk en honderde duisende Amerikaners is deel daarvan. Tom vertel my toe van hulle werk met Rhythm of Life wat deur hierdie werk geïnspireer is, en hoe hulle dit in die kerk wat hulle geplant het, beoefen en ander gemeentes en organisasies help.

Nadat Tom die ritmes vir my geteken het, sien ek die ooreenkomste met die waardes raak en noem dit vir Tom. Sy antwoord het my geskok: "Ons weet en hou julle al jare dop. Ons het altyd die waardes beskou as die hoofrede hoekom julle net aanhou groei."

Ons het net daar besluit om die ooreenkomste tussen waar-


des en *rhythms* verder te ondersoek en nader aan mekaar te bring. Ons het die ritmes begin beskryf en ook besluit om dit deur die TV met die land te deel en dit ons lewensveranderende strategie te maak. Ek het ons gemeente se waardes herdoop na ritmes en veranderings aan ons kursusse gemaak. Vandag leef daar duisende mense in Suid-Afrika en oor die hele wêreld volgens hierdie genaderitmes van Jesus.

## Die fondasiewaarhede

Na aanleiding van die groot strome in die laaste 2 000 jaar het ons karaktereienskappe van God by elke stroom gevoeg. Ons het op die woorde van fondasiewaarhede gebly aangesien hierdie fondasiewaarhede die fondasies is waarop ek en jy ons lewens bou. Die gelykenis van Jesus oor die huis op sand of rots (en my kinders se gunsteling storie oor die drie varkies en die wolf) herinner ons aan hoe belangrik die fondasiewaarhede is waarop ons ons lewens bou.

Nie een van die fondasiewaarhede is nuut nie, dit is ou karaktereienskappe van God en alombekend by ons. Ons het hier en daar net makliker woorde gekies sodat almal dadelik kan verstaan wat bedoel word. 'n Goeie voorbeeld is die fondasiewaarheid dat God beskikbaar is; dit kom van die karakter van God se alomteenwoordigheid. Ons almal het dit al gehoor, maar weens die "groot" woord vergeet ons dit beteken eintlik God is nou beskikbaar vir gewone mense.

Die fondasiewaarhede kan met die skets op die volgende bladsy uitgebeeld word. Die waarheid dat God beskikbaar is, staan sentraal. Die fondasies aan die bokant het implikasies vir elkeen van ons se persoonlike verhouding met God. Aan die onderkant is fondasies wat implikasies vir ons gemeenskaplik – en vir die wêreld – het.



**God is liefdevol.** Hierdie is natuurlik die kern van al God se karaktereienskappe. Deur die eeue kan 'n mens God se liefde sien en sy werking, uitreiking en belangstelling in die redding en verhouding met die mens.

Hierdie fondasie vorm ook die kern van al die fondasies en staan sentraal in hoe ons God sien en beleef. God se heiligheid, regverdigheid, teenwoordigheid of enige ander van sy eienskappe vloei direk uit sy liefdevolle toenadering tot die mens. Ook in Jesus se groot opdrag en die ritmes waarna ons later gaan kyk, staan God se liefde en genade na die mens sentraal. Niks sou moontlik wees indien God ons nie eerste lief sou hê nie. Ons het nie genoeg woorde in dié boek of enige ander boek om die liefde van God vir die mens te beskryf nie. God is liefdevol en Hy het jou lief met 'n onbeperkte, onvervalste, onmeetbare liefde, en ons word uitgenooi om vanuit hierdie liefde te leef.



Ons gebruik die simbool van 'n hart om hierdie fondasie uit te beeld. Die hart herinner ons dat God liefde is.



God is beskikbaar is die fondasie wat vloei uit die kerk se wysheid oor die dissiplines wat ons leer om na God te soek en om in verhouding met Hom te leef. God is alomteenwoordig en leer ons iets van sy beskikbaarheid en begeerte na 'n verhouding met die mens. God ken ons en wil hê ons moet Hom ook ken. Hy speel nie wegkruipertjie met die mens nie, maar nooi my en jou om Hom te leer ken in al sy fondasies en grootheid.

Ons gebruik die vraagteken om te onthou dat God vir ons dieselfde vraag vra as wat Hy vir Adam gevra het: "Waar is jy?" Ons vra dan ook: "Waar is ek?"



God is die weg, of in die ou woorde van die kerk, God is heilig. God se heiligheid het al baie mense afgeskrik. Heiligheid lyk vir die mens na somberheid, onplesierig, stroef en hard. Dit is glad nie 'n goeie beskrywing van God nie; daarom 'n nuwe beskrywing – God is die weg na alles wat ek en jy werklik begeer, naamlik God se wysheid en raad, sy karakter en manier van doen. God is die antwoord waarna elke mens hunker in sy lewe, die vrede en rus is in Hom en sy manier van lewe. Hy kan my en jou verander en ons leer hoe om so te lewe.

Ons gebruik die simbool van 'n "i", want hierdie pad saam met God as die weg beteken dat jy doelbewus en intiem saam met God gaan wandel. Dit staan ook vir "I" in Engels of "ek" in Afrikaans.



**God is Koning.** Hierdie fondasiewaarheid is al vir 2 000 jaar een van die ongewildste fondasies. Twee-duisend jaar gelede was dit ongewild, want Caesar was koning en niemand kon dink dat iemand teen hom sou opstaan en homself koning sou noem nie. Jesus het dit egter gedoen; sy volgelinge het Hom koning genoem en Hom só gevolg. Vandag is die titel “koning” nie so bekend in ons Suid-Afrikaanse kultuur nie, maar tog weet ons koning beteken heer, baas, regeerder oor alles.

Vanuit die titel “koning” kom die woord “koninkryk”, en God se koninkryk het reeds gekom en is besig om sterker en sterker te word na die einde se kant toe. Hierdie fondasiewaarheid is vandag ongewild, want almal wil koning wees oor iets, al is dit net oor hulleself, hulle geld of hulle tyd. Hierdie waarheid kan vandag meer mense vrymaak, en die kultuur van selfsug en selfverwoesting eens en vir altyd breek. As ons leer God is koning en ons is deel van sy koninkryk en saamwerk aan die groei van sy koninkryk is dit bevrydend.

Ons gebruik die simbool van ’n kroon om ons te herinner dat God die ware Koning is.



Die fondasiewaarheid **God is drie-enig** is een van die oudste debatte in die kerk. Die groot debat handel oor die feit dat daar nêrens in die Bybel ’n enkele vers is wat die frase “God is drie-enig” gebruik nie. My antwoord hierop is altyd dat jy versigtig moet wees vir ’n leerstelling wat op een enkele vers gebou word. Daar is nie een vers met die woorde “drie-enige God” nie, maar daar is ’n paar honderd verse wat verwys na God die Vader, Jesus die Seun en die Heilige Gees. My gunsteling is gebaseer op 2 Korintiërs 13:13, seker omdat dit maklik is om te onthou en omdat duisende Suid-Afrikaners dit elke Sondag hoor. “Mag die genade van God die Vader, die liefde van Jesus Christus en die gemeenskap van die Heilige Gees met ons gaan en bly.”

’n Waarheid staan nie in een vers in die Bybel nie, maar wel in al die boeke en blaaie van die Bybel, vanaf Genesis tot Openbaring. Jy kan tekens van die Drie-eenheid in omtrent elke boek van die Bybel vind. Jesus en die Heilige Gees was werksaam saam met die Vader deur die hele Ou en die Nuwe Testament. As God drie-in-een is en nie alleen staan nie, mag en kan ons ook nie alleen staan nie.

Ons gebruik die simbool van drie i’s om hierdie waarheid uit te beeld en ons te herinner dat ons uitgenooi word om in gemeenskap te leef.



God is lief vir die hele wêreld is ’n fondasiewaarheid wat een van die bekendstes is, maar die minste geniet en waardeer word.

Hierdie waarheid sê dat God nie net mense soos ek liefhet en uitkies nie. Hierdie waarheid het vroeg in Handeling 13 probleme veroorsaak met die redding van nie-Jode. Die Jode het gedink dat God net lief is vir Israel en dat Israel net lief hoef te wees vir mekaar. Jesus kom leer ons om mense lief te hê wat anders is, maar ten spyte van wat Jesus sy dissipels leer, moes mense eers oor die saak vergader toe mense wat anders as Petrus-hulle was, gered word (Hand. 15).

Ons is vandag presies dieselfde. Die Bybel is vandag al in honderde tale vertaal, YouVersion (gratis Bybel op die internet) het tans 375 tale en ongeveer 600 Bybelvertalings. Daar is al meer as 95 miljoen Bybels afgelaai op mense se fone en rekenaars.

God red alle mense en is lief vir alle mense. Alle tale, kleure, kulture, rasse, en dies meer. Niemand is in ’n groep wat nie God se liefde kan ontvang en gered word nie.



God is kreatief. Hierdie is ’n moderne woord wat beteken dat God almagtig en alwetend is, Hy is in beheer van ons hele lewe en van die toekoms van die

wêreld en die lewe hierna. Baie mense vra of God regtig in beheer is, veral as 'n mens kyk na al die hartseer en gebrokenheid om ons. Eerstens praat die Bybel van Jesus as die Een wat alles onder die beheer van sy Vader plaas en dat Hulle oor alles heers. Tweedens moet ons besef dat hierdie aarde, seer en gebrokenheid aan die verbygaan is, en dat God 'n nuwe hemel en nuwe aarde vir ons beplan het. In hierdie nuwe hemel en aarde gaan daar nie meer seer en pyn wees nie, want dan het God se koninkryk ten volle in en deur elke mens gekom.

God is kreatief en gebruik alles in ons lewens, Hy gebruik jou liggaam, jou verhoudings, jou werk, jou geld, jou goeie en slegte stories. God se koninkryk kom en ons is deel van sy storie en droom.

### **Van jou verstand tot diep in jou lyf**


Hierdie fondasiewaarhede is bevrydend. Jesus self het gesê ons sal die waarheid ken en die waarheid sal ons vrymaak (Joh. 8:32). Jesus wys hierdie waarheid en is die waarheid. Ons leef egter in 'n wêreld wat ons bombardeer met leuens. Leuens van die oggend tot die aand oor wat werklik belangrik is, wat ons werklik gelukkig gaan maak, leuens oor wie ons is en wie God is. Die belangrikheid van waarheid elke dag kan nie genoeg beklemtoon word nie, ja, selfs vir goeie Christene.



Die voetewas-verhaal van Jesus herinner my altyd aan dié daaglikse waarheid: Jesus het gesê dat iemand wat reeds skoon is se voete net gewas hoef te word. Hierdie dui vir my op Christene wat reeds gered en skoon is, maar wat deur die wêreld vuilgemaak word deur daaglikse leuens. Die uitnodiging is om daaglikse voete te was in die waarheid van wie God is, hoe Hy ons sien en wat ons roeping en opdrag is.

Die manier hoe ons hierdie waarhede daaglik in ons lewens wil inbou, is deur 'n lewe met ritme. Elke fondasiewaarheid het 'n ritme waarvolgens ons kan leef om daardie spesifieke waar-

heid deel van ons lewens te hou en daaglik gewas te word in God se waarhede.

Hier volg 'n tabel waarmee ons werk om die strome en die aansluiting met die fondasiewaarheid oor God te demonstreer. Probeer om nie net ja of nee op die vrae te antwoord nie.

Strome	Fondasies (karaktertrekke van God)	Ritmes	Skets & beskrywing	Waarde
1. Martelaarskap	God is liefde 	Hy ontmoet my waar ek is	Spieël <i>Vraag:</i> Hoe sien ek God en myself? 	Hele hart
2. Armoede				
3. Woestynvaders				
4. Teologiese ontwikkeling	God is beskikbaar 	Hy wil met my 'n verhouding hê	Muurprop <i>Vraag:</i> Hoe is ek by God ingeskakel? 	Hele verstand
5. Evangelistiese beweging				
6. Heilighedsbeweging	God is die weg 	Hy genees my om in sy karakter te groei	Verpleegstershoed <i>Vraag:</i> In watter area van my lewe het ek genesing nodig? 	Hele siel

<p>7. Pinkster/ Charisma- ties</p> <p>8. Kleingroepe</p>	<p>God is Koning</p> 	<p>Hy vra my hulp- bronne en gawes om sy konink- ryk te bou</p>	<p>Trappe <i>Vraag:</i> Waar in my lewe kan ek meer afwaarts lewe? (Waar ek nie myself be- vorder nie.)</p> 	<p>Hele krag</p>
	<p>God is drie-enig</p> 	<p>Hy nooi my uit om ook in gemeen- skap te leef</p>	<p>Broodjies <i>Vraag:</i> Met wat- ter mense wandel ek die Jesus- pad (soos om in 'n kleingroep te wees)?</p> 	<p>Naaste as gelowige</p>
	<p>God is lief vir die wêreld</p> 	<p>Hy stuur my om ook lief te hê</p>	<p>Skoene <i>Vraag:</i> Hoe kan ek mense wat anders as ek is, liefhê soos God hulle liefhet?</p> 	<p>Naaste as die "an- dere"</p>

	God is kreatief 	Hy roep my om Hom te volg met my hele lewe	Sirkel <i>Vraag:</i> Hoe sien ek God in my hele wêreld werk? 	Gesonde selfliefde
--	--	--	--	--------------------

### *Vrae*

- Watter van die fondasiewaarhede rig die grootste uitnodiging aan jou?
- Met watter fondasiewaarhede sukkel jy op die oomblik?
- Watter aspekte van God se karakter staan op die oomblik vir jou die meeste uit?

### *Oefening*

Hierdie week nooi ons jou uit om twee oefeninge te doen.

Vorm 'n groep saam met 'n paar vriende of familieede wat hierdie jaar saam met jou kan groei. Kies 'n tyd en plek wanneer julle weekliks bymekaar gaan kom. As jy reeds in 'n groep is, stel voor dat julle saam deur hierdie boek werk (onthou om geduldig te wees as die groep nie dadelik instem nie).

Memoriseer Markus 12:29-31 waarop LewenSentrum se visie en waardes uitgewerk is. Kies vir jou 'n Bybelvertaling wat maklik lees en skryf dit iewers waar jy dit maklik deur die dag kan sien.